Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994–Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**
- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**
- *Waiting for Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* — André P Brink
- *The Bald Primadonna* — Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* — Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**
- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

VRAAG 2: *Woza Albert!* — Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**
VRAAG 3: *Sophiatown* — Junction Avenue Theatre Company **OF**
VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* — PG du Plessis

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

VRAAG 5: *Nothing but the Truth* — John Kani **OF**
VRAAG 6: *Groundswell* — Ian Bruce **OF**
VRAAG 7: *Mis* — Reza de Wet

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag (VRAAG 8) wat VERPLIGTEND is.**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## AFDELING A: 20$^{ste}$-EEUSE TEATERBEWEGINGS


Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

Bestudeer BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A**

**DIE 20$^{ste}$-EEUSE TEATER – DIE STEM VIR TEATERVERNUWING**




In 'n opstel, evalueer hoe die toneelstuk en die 20$^{ste}$-eeuse Teaterbeweging wat jy hierdie jaar bestudeer het, aan innovasie (vernuwing) uitdrukking gee wanneer dit oor die lewe en samelewing van die tyd besin.

Die inhoud van jou opstel moet na die vraag verwys en die volgende insluit:

- Enige dramatiese elemente wat in BRON A vervat is
- Die toneelteks wat jy bestudeer het
- Die 20$^{ste}$-eeuse Teaterbeweging wat jy bestudeer het:
  - Teater van die Absurde **OF** Epiese Teater **OF** Postmoderne Teater
  - Spesifieke voorbeelde uit die toneelteks wat jy bestudeer het

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B**




***Reklametoer:** 'n groep toneelspelers wat met hulle toneelstuk toer en op verskillende plekke optree, dikwels om inligting of kennis met 'n gemeenskap te deel



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


Jy en jou klas het besluit om sekere tonele uit die toneelstuk *Woza Albert!* te kies en dit as deel van 'n reklametoer vir graad 12-leerders by plaaslike skole op te voer. Julle het Grotowski se beginsels van Arm/Gestroopte Teater op julle nuwe produksie, met die titel *Woza Woza Albert!*, toegepas.

2.1 Noem waarom die nuwe titel, *Woza Woza Albert!*, 'n goeie titel vir julle reklametoerproduksie is. (2)

2.2 Regverdig waarom jy dink julle reklametoer vir graad 12-leerders van hulp sal wees. (6)

2.3 Verduidelik of die plakkaat in BRON B die reklametoer suksesvol sal bevorder, of nie. (4)

2.4 Analiseer hoe die kwessies van die 'Gevreesde Paswet' en 'Gevreesde Dompas' in die toneelstuk uitgelig/beklemtoon word. (6)

2.5 Bespreek TWEE moontlike uitdagings waarvoor jy en jou klas te staan kan kom wanneer julle vir julle reklametoer na ander skole voorberei. (4)

2.6 Verduidelik hoe die volgende beginsels van Grotowski se Arm/Gestroopte Teater op die reklametoer toegepas kan word:

- Dekorstel en rekwisiete
- Akteur-gehoor-verhouding (8)

ÉcoleBooks

2.7 Bespreek hoe die idee dat Morena na 'n apartheid-Suid-Afrika kan terugkom, sentraal tot (belangrik vir) die skepping en boodskappe van *Woza Albert!* is. (10)

**[40]**

**VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C**

## POLA! *SOPHIATOWN!* POLA!

## REKLAMETOER

**AANDAG ALLE GRAAD 12-LEERDERS!**

**BINNEKORT BY 'N SKOOL NABY JOU**

**'n Dinamiese produksie van die klassieke Suid-Afrikaanse toneelstuk …**

**Om jou te help met voorbereiding vir jou Dramatiesekunste-eksamen …**

**WANNEER**
**April, Mei, Junie 2018**

***SOPHIATOWN***
**vat jou op 'n reis**
**na die verlede …**
**of nie?**

**Vir meer inligting kontak**
**0800-POLA**




**Apartheid**
**Bendes**
**Gedwonge**
**Verskuiwings**
**Bantoe-onderwys**
**Ongelykheid**

**VOLG ONS OP TWITTER**
**@POLAPOLA!!**

***Reklametoer:** 'n groep toneelspelers wat met hulle toneelstuk toer en op verskillende plekke optree, dikwels om inligting of kennis met 'n gemeenskap te deel



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


Jy en jou klas het besluit om sekere tonele uit die toneelstuk *Sophiatown* te kies en dit as deel van 'n reklametoer vir graad 12-leerders by plaaslike skole op te voer.

3.1 Stel 'n geskikte titel vir julle produksie voor. Motiveer jou antwoord. (2)

3.2 Kies 'n toneel uit *Sophiatown* wat die groep kan aanbied.

3.2.1 Verduidelik kortliks wat gebeur in die toneel wat julle gekies het. (4)

3.2.2 Beskryf geskikte kostuums vir TWEE karakters in die toneel wat julle in VRAAG 3.2.1 gekies het. (4)

3.2.3 Gee EEN karakter in die toneel wat julle gekies het, raad oor hoe om vir die vokale en fisiese eise van die rol voor te berei. (6)

3.3 BRON C bevat idees wat julle kan gebruik om die reklametoer te adverteer.

3.3.1 Evalueer die stelling, '*Sophiatown* vat jou op 'n reis na die verlede … of nie?', om die relevansie van die toneelstuk toe en nou te toon. (6)

3.3.2 Motiveer EEN ander manier wat julle kan kies om die reklametoer te adverteer. (2)

3.4 Regverdig TWEE ander teateritems wat julle by julle produksie kan insluit om die Sophiatown van die 1950's weer te gee. (6)

3.5 Verwys na die inligting in BRON C en evalueer hoe dit die lewe in Sophiatown, die plek, en *Sophiatown*, die toneelstuk, weerspieël.

Sluit die volgende in:

- Sosiopolitieke kwessies
- Temas (10)

**[40]**

**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D**

***SIENER IN DIE SUBURBS***

**REKLAMETOER**

**AANDAG ALLE GRAAD 12-LEERDERS!**

**BINNEKORT BY 'N SKOOL NABY JOU!**

**'n Dinamiese produksie van die klassieke Suid-Afrikaanse toneelstuk …**

**Om jou te help met voorbereiding vir jou Dramatiesekunste-eksamen …**

**WANNEER**
**April, Mei, Junie 2018**

***SIENER IN DIE SUBURBS*** **vat jou op 'n reis na die verlede … of nie?**

**Vir meer inligting kontak**
**0800-THE SIENER**

**Liefde**
**Klas**
**Armoede**
**Vryheid**
**Mishandeling**
**Geboelie**



**VOLG ONS OP TWITTER**
**@SIENER!**

***Reklametoer:** 'n groep toneelspelers wat met hulle toneelstuk toer en op verskillende plekke optree, dikwels om inligting of kennis met 'n gemeenskap te deel



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



Jy en jou klas het besluit om sekere tonele uit die toneelstuk *Siener in die Suburbs* te kies en dit as deel van 'n reklametoer vir graad 12-leerders by plaaslike skole op te voer.

4.1 Stel 'n geskikte titel vir julle produksie voor. Motiveer waarom jy dink dit geskik is. (2)

4.2 Kies 'n toneel uit *Siener in die Suburbs* wat die groep kan aanbied.

4.2.1 Verduidelik kortliks wat in die toneel gebeur. (4)

4.2.2 Beskryf geskikte kostuums vir TWEE van die karakters in die toneel. (4)

4.2.3 Gee EEN karakter in die toneel raad oor hoe om fisies en vokaal vir die rol voor te berei. (6)

4.3 BRON D bevat idees wat julle moontlik vir julle reklameveldtog kan gebruik.

4.3.1 Evalueer die stelling, '*Siener in die Suburbs* vat jou op 'n reis na die verlede … of nie?', om die relevansie van die toneelstuk toe en nou te toon. (6)

4.3.2 Stel EEN ander manier voor wat julle kan kies om die reklametoer te adverteer en motiveer waarom julle dit kies. (2)

4.4 Verduidelik die moontlike toneelmatige impak en reaksie van die gehoor op die insluiting van 'n motorfiets by julle produksie. (6)

4.5 Evalueer, deur 'n analise van die karakters en gebeure in die teks, hoe PG du Plessis 'idees van liefde' in *Siener in die Suburbs* voorstel. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

## VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E**

# THE DAILY MIRROR

**Sedert 1994**

**INSPIRASIE VIR DIE DAG:**
Sonder liefde is daar geen vergiffenis nie.

### Stof tot stof? Skok en woede vir Sipho Makhaya

Tradisionele gesinsman geskok by die aankoms van 'n vaas wat die as van sy oorlede broer, Themba Makhaya, bevat.
'Wat van die nagwaak? Wat gaan in die kis wees?' vra Makhaya. Sy dogter, Thando Makhaya, sê: 'Sommige swart mense hier is ook deesdae gewillig om veras te word.'
'n Gedenkdiens sal in St. Stephens-kerksaal gehou word, gelei deur Reverend Haya.




**WVK**
**OPROEP OM AMNESTIEAANSOEKE**
Amnestieverhore sal op 16 Januarie in jou dorp gehou word. Aansoeke sluit op 14 Desember. Maak seker dat alle voorwaardes nagekom word voordat aansoek gedoen word.
**WVK**
**Die pad na versoening**

**Op bladsy 2:**
Prentjies van voorgestelde nuwe African Public Library in New Brighton

**Agterblad:**
'n Storie van twee broers, van ballingskap en terugkoms, van twis tussen broers, verraad en buite-egtelike verhoudings, van verlies en liefde, wat eindig in die hoop vir 'n toekoms met nuwe moontlikhede!

[Bron: httpp://truth.wwl.wits.ac.za/thumbs.pho]

**Nandipa Fashions** vir al jou persoonlike ontwerperuitrustings, skakel 011 444 1234



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


Lees die voorblad van die plaaslike koerant, *The Daily Mirror*, wat op die toneelstuk *Nothing But The Truth* betrekking het en beantwoord die vrae wat volg.

5.1 5.1.1 Waarvoor staan die afkorting *WVK*? (1)

5 1.2 Identifiseer die karakter in *Nothing But The Truth* wat by die WVK werk. (1)

5.1.3 Verduidelik die betekenis van die term *amnestie*. (2)

5.1.4 Stel voor waarom die naam van die koerant vir hierdie toneelstuk gepas is. (3)

5.2 Gee 'n voorbeeld in die toneelteks van 'n WVK-saak. (2)

5.3 Gebaseer op jou begrip van die karakters en situasies in die toneelstuk, sou jy dit oorweeg om *Nothing But The Truth* 'n kort TV-reeks te maak? Gee redes vir jou antwoord. (4)

5.4 Verduidelik waarom Sipho Makhaya geskok en kwaad is dat sy oorlede broer, Themba, veras is. (3)

5.5 Beskryf die stelsel/metode wat 'n akteur wat die rol van Sipho speel, kan gebruik om vir die emosionele vereistes van sy rol voor te berei. (6)

EcoleBooks

5.6 Evalueer hoe *Nothing But The Truth* beide Westerse en Afrika-kulture weerspieël. (6)

5.7 Bespreek hoe BRON E die sosiopolitieke konteks, onderwerp en temas van die toneelstuk weerspieël. (12)
**[40]**

## VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F**

# THE WEST COAST OBSERVER

**Aanhaling van die dag**
And under the oppression of the silent fog
The tolling bell
Measures time not our time, rung
by the unhurried
Ground swell. – **TS Eliot**

**Het die lewe vir jou ondraaglike stres veroorsaak?**

**Beradingsdiens**

Wat lê onder die oppervlak van ons lewens? Het jy sielkundige drama ervaar? Is jy so deur jou verlede geaffekteer dat jy nie kan verander nie? Gaan die vloedgolf uiteindelik na die oppervlak styg en jou in die dieptes van wanhoop verswelg?

Kontak **08600-HELP** om met jou lewe aan te gaan.

**NUWE Suid-Afrika!**

**NUWE Geleenthede!**

**Poste aangebied:**

- Bestuurder van goed gevestigde gastehuis
- Diepsee-diamant-duikers

**Vorige ervaring noodsaaklik**

**AKKOMMODASIE AANGEBIED**

GARNET-LODGE

'n Gastehuis op die strand op 'n klein hawedorpie aan die Suid-Afrikaanse Weskus

Maak jou tuis in hierdie afgeleë wegkruipplekkie.

Uitsig van die see en van die woestyn aan die ander kant.

Die atmosfeer word geskep deur meubilering met 'n strandtema.

Beskikbaar vir kort en lang verblyf.

Buitemuurse aktiwiteite sluit diepseeduik en gholf in.

**DIAMANTE IS VIR EWIG!**
**SKAKEL 0800-JOHAN**
**VIR 'N PLAN OM JOU DROME TE BEWAARHEID!**

**Op bladsy 2:**
**MAN MET MES GEDREIG**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


Lees die voorblad van die plaaslike koerant, *West Coast Observer*, wat op die toneelstuk *Groundswell* betrekking het en beantwoord die vrae wat volg.

6.1 6.1.1 Stel voor waarom die naam van die koerant gepas is deur na die toneelteks te verwys. (2)

6.1.2 Verduidelik waarom Garnet-Lodge 'n effektiewe ligging/omgewing vir die toneelstuk is. (4)

6.1.3 Assesseer hoe die aanhaling van die dag in BRON F die ernstige stemming van die toneelstuk weerspieël. (4)

6.1.4 Motiveer waarom *Groundswell* 'n sielkundige drama genoem kan word deur die karakters in die toneelstuk en hulle verhoudings te analiseer. (6)

6.1.5 Analiseer hoe BRON F die konteks en onderwerpmateriaal (inhoud) van die toneelstuk weerspieël. (6)

6.2 Gee die akteur wat die rol van Johan wil vertolk, raad oor hoe om die karakter realisties op die verhoog uit te beeld. (6)

6.3 Evalueer die moontlikheid dat Johan, Thami en Smith nadat die toneelstuk geëindig het, nie met hulle lewens sal kan aangaan en hulle drome sal kan bewaarheid nie.

Verwys na spesifieke voorbeelde in die toneelteks om jou antwoord te motiveer. (12)
**[40]**

**VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Bestudeer BRON G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


**BRON G**

# THE DAILY GOSSIP

**JY SAL NOOIT IETS MIS NIE …**

Sedert 1802

## GESOEK!!



## Waar is Meisie?

Gabriel en Miem se enigste dogter het laat gisteraand verdwyn. 'n Man het met 'n skelmstreek die huis binnegekom en daar word geglo dat hy haar ontvoer het terwyl die res van die huishouding vas aan die slaap was.

Meisie is die jongste van 'n lang lys meisies wat die afgelope paar jaar verdwyn het.

Indien u enige inligting het, kontak asseblief die polisie by **0800–MISSING.**



## SIRKUS TERUG IN DORP!

Dit is nou al 'n jaarlikse tradisie dat die sirkus na die dorp toe kom. Die sirkus sal, soos altyd, 'n bietjie van die magiese en die grillerige aanbied.

En moet nie verras wees nie as jy party baie onverwagte persoonlikhede (soos jou bure) by hierdie fratsvertoning raaksien nie.

Onthou:

Van nuuskierigheid is die tronk vol (en die kerk leeg).

**MIS TE KOOP!**
**SPOTGOEDKOOP!**
**Kontak Miem by 0800-MIS**

**Op bladsy 2:**
**Hoe om die gevolge van die Groot Depressie te hanteer…**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


7.1 Lees die voorblad van die plaaslike koerant, *The Daily Gossip*, wat op die toneelstuk *Mis* betrekking het en beantwoord die vrae wat volg.

7.1.1 Stel voor waarom die naam van die koerant 'n goeie keuse is deur na die toneelteks te verwys. (2)

7.1.2 Stel 'n datum voor wat jy op die voorblad van die koerant sou byvoeg. (2)

7.1.3 Verduidelik die verskillende moontlike betekenisse van die titel van die toneelstuk. (4)

7.2 Skryf 'n karakterskets van Konstabel, wat moontlik vir Meisie se ontvoering ge'soek' word, om *The Daily* Gossip met die korrekte inligting te help. (4)

7.3 Stel voor waarom die vrouens in die toneelstuk 'n man, wat 'n totale vreemdeling is, toelaat om die huis binne te kom. (4)

7.4 Gee 'n akteur, wat die rol van Konstabel in die toneelstuk wil vertolk, raad oor hoe om die karakter oortuigend op die verhoog uit te beeld. (6)

7.5 Verduidelik hoe die gevolge van die Groot Depressie in die toneelteks as 'n geheel beklemtoon word. (4)

7.6 Noem en motiveer waarom jy EEN ander produk in die koerant kon adverteer. Moet NIE 'n produk gebruik wat reeds in BRON G genoem is NIE. (2)

7.7 Bespreek die belangrikheid van die sirkus as die hoofsimbool in die toneelstuk.

Verwys na die volgende in jou antwoord:

- Genre
- Stemming en atmosfeer
- Karakters

(12)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: DIE GESKIEDENIS VAN TEATER, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

**VRAAG 8 (VERPLIGTEND)**

8.1 Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H**




**REKLAMEMATERIAAL VIR *EMOTIONAL CREATURE***

**VRYE VERTALING VAN PLAKKAAT:**

'N NUWE TONEELSTUK DEUR EVE ENSLER
REGISSEUR: JO BONNEY MUSIEK: CHARL-JOHAN LINGENFELDER

**EMOSIONELE**
**WESE**
**die geheime lewe van meisies oral ter wêreld**

*Emotional Creature* is 'n produksie wat deur Eve Ensler geskep is. Dit toon uitdagende kwessies waarvoor meisies oral ter wêreld te staan kom. Dit bestaan uit monoloë, gedigte en prosastukke wat almal deur meisies opgevoer word. Die plakkaat hierbo is gebruik as reklame vir die produksie.

8.1.1 Verduidelik die verskille tussen *monoloë*, *gedigte* en *prosastukke*. (6)

8.1.2 Assesseer of die plakkaat in BRON H die produksie suksesvol sal adverteer. (4)

8.1.3 Gee die produksie 'n ander gepaste titel en 'n #hutsmerk ('hashtag'). Motiveer jou nuwe titel. (4)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



8.2 Bestudeer BRON I hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON I**

| **I AM AN EMOTIONAL CREATURE (EK IS 'N EMOSIONELE WESE) deur Eve Ensler** | |
|---|---|
| | **(Vrye vertaling)** |
| I love being a girl. | Ek hou daarvan om 'n meisie te wees |
| I can feel what you're feeling | Ek kan voel wat jy voel |
| as you're feeling it inside | soos wat jy tevore die gevoel |
| the feeling | binne-in jou |
| before. | gevoel het. |
| I am an emotional creature. | Ek is 'n emosionele wese. |
| Things do not come to me | Dinge kom nie by my op |
| as intellectual theories or hard shaped ideas. | as intellektuele teorieë of moeilik gevormde idees nie. |
| | |
| I am an emotional creature. | Ek is 'n emosionele wese. |
| I am connected to everything and everyone. | Ek het 'n verbintenis met alles en almal. |
| I was born like that. | Ek is so gebore. |
| Don't you dare say all negative that it's a teenage thing | Moenie waag om krities te sê dat dit 'n tiener-ding is |
| or it's only because I'm a girl. | of dis net omdat ek 'n meisie is nie. |
| These feelings make me better. | Hierdie gevoelens maak my beter. |
| They make me ready. | Dit maak my gereed. |
| They make me present. | Dit maak my aanwesig. |
| They make me strong. | Dit maak my sterk. |

Jy en jou klas het besluit om die uittreksel in BRON I, uit die toneelstuk *Emotional Creature*, by die plaaslike Jeugdagvieringe op te voer.

Beskryf julle idees oor hoe om die uittreksel op te voer en die toepaslikheid daarvan by Jeugdagvieringe.

Verwys na die volgende in jou antwoord:

- Vokale en fisiese opvoering
- Tegniese en teaterelemente (10)

8.3 Noem EEN ander opvoeringsitem wat die boodskappe en kultuur van Jeugdagvieringe in Suid-Afrika sou weerspieël. Motiveer jou antwoord. (4)

8.4

> Teater kan mense emosioneel ontroer, om oor kwessies te praat, om sosiale rewolusie te inspireer.
>
> – Eve Ensler

Bespreek Eve Ensler se waarneming oor die teater.

Verwys na enige toneelstuk, teaterbeweging of teaterpraktisyn wat jy bestudeer het. Gee inligting oor 'n ander genre/dramatiese beweging as die een wat jy in VRAAG 1 bespreek het. (12)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou